Vinkie

Laerskool Fairland

Marketstraat 145, Fairland | 011 678-4591/2 | www.lsfairland.co.za | Jaargang 22 nr 30 | 22 Oktober 2015

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

WOW-spelfees

Baie dankie aan Leanie Taljaard vir al haar reëlings. Ons leerders het puik gespel en Dirk van der Berg (gr. 2) behaal 'n derde plek en Schalk Viljoen (gr. 6) behaal 'n eerste plek in die nasionale rondte.

Personalia

Baie geluk aan Johan Kamper met sy verlowing aan Hestrie Veldsman.

OUD-LEERDERS PRESTEER

Hoërskool Monument

Rudolph de Villiers is as lid van die Matriekraad 2016 verkies.

Hoërskool Noordheuwel

Die volgende oud-leerders is gekies om in 2016 op die gr. 9 tot gr. 11 VLR te dien:

Dean Bentley	Herman Neveling	Chris van Wyk
Francois Marx	Merwe Nel	San-Mari van Dyk
Kaylin Fraser		

Rezé Steenkamp is gekies om in 2016 op die Norieraad te dien.

Baie geluk aan almal. Laerskool Fairland is trots op julle!

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende personeel wat hierdie week verjaar :

Adele Ekron	-	22 Oktober
Maritza Rothmann	-	25 Oktober

Ons glo en vertrou dat jul nuwe lewensjaar sommer baie voorspoedig en geseënd sal wees.

BELANGRIKE DATUMS

KULTUUR		SPORT		ALGEMEEN	
11 Nov.	Koorafsluiting	23 Okt.	Swemgala: Montrose	26 Okt.	Algemene Oudervergadering (19:00 in Skoolsaal)
		27 Okt.	Atletiek: Vriendskaplike byeenkoms (L/s Orion – tuis)	28 Okt.	Dankdiens (Rugbyveld)
		30 Okt.	Swemgala: Montrose	9 Nov.	Prysuitdeling: Sport- en Kultuur (Gr. 4 – gr. 6-leerders)
		03 Nov.	Atletiek: Aflosbyeenkoms - H/s Randburg		
		06 Nov.	Swemgala: TrinityHouse Little Falls	10 Nov.	Prysuitdeling: Gr. 7-leerders

VAN DIE BEHEERLIGGAAM

ALGEMENE OUERVERGADERING

Ons herinner graag die ouers aan bogenoemde vergadering.

Maandag 26 Oktober 2015

Tyd: 19:00 in die Saal

WERKERSKOSPAKKIES

Ons doen 'n vriendelike beroep op al die gr. R- tot gr. 6-ouers om ons behulpsaam te wees met die werkerskospakkies. Voorraad kan vanaf 26 Oktober tot 13 November by die registeronderwyser ingehandig word.

Dit is ons manier om ook van die leerders se kant af vir die werkers dankie te sê.

Vir verdere navrae kan Maritza Rothmann (Beheerliggaam) gekontak word.

11 Oros	R/7	3/12
250g koffie	R/8	3/13
2 kg rys	R/9	3/28

2.5 kg mieliemeel	R/10	3/29
2.5 kg suiker	R/11	3/45
1 blik konfyt	R/11A	3/46
2 blikke "bully beef"	1/18	4/47
2 blikkies vis	1/22	4/48
2 blikkies gemengde groente	1/24	4/49
4 pakkies jelliepoeier	1/25	4/50
1 boks tee (100 sakkies)	1/26	4/51
2 pakkies Koekies	1/27	4/52
3 pakkies soppoeier	2/14	5/02
2 koekies lyfseep	2/15	5/39
2 boksies soja maalvleis	2/16	5/41
1 klein grondboontjiebotter	2/17	6/04
1 l kookolie	2/21	6/32
1 boks melkpoeier	2/23	6/34
1 pakkie lekkers	5/03, 5/05, 5/43	6/40
11 Ultramel vla	6/37	6/44

DANKIESê-TEE

Dit is daardie tyd van die jaar waar ons skool vir al die mammas wat ons so getrou gehelp het deur die jaar, wil dankie sê. Ons nooi hiermee elke klasmamma, elke mamma wat gehelp het by koekverkopings, sportgeleenthede, fondsinsamelings, Verekas en enige ander hulp wat verleen is aan die skool deur die jaar, uit om die oggend van 6 November saam met ons by die lapa te kuier om 08:00.

RSVP teen 28 Oktober by Maritza Rothmann op 082 563-6995.

REDAKSIE

Ek kom die afgelope tyd agter dat dit eintlik so maklik is om iemand seer te maak. Dit gebeur nie eers altyd bewustelik nie, dikwels is jy totaal onbewus van die feit dat jy iets beledigends of kwetsend gesê het. Ons weet almal hoe jou tong soms met jou weghardloop, hoe jy baiekeer praat sonder om te dink en hoe jy soms iets uiter bloot op die ingewing van die oomblik en dan eers later besef dat dit verkeerd opgeneem is. En dan is dit reeds te laat!

So wat doen 'n mens dan in so 'n situasie? Ek vind dat die beste oplossing absolute eerlikheid is. As jy agterkom dat jy met jou voet in jou mond gevang is, moet jy mans genoeg wees om dit ruiterlik te erken, om verskoning te vra en seker te maak dat jy dinge regmaak. Jy moet ook besef dat jy nie noodwendig onmiddelik vergewe sal word nie en dan moet jy bereid wees om geduldig te wag. As dit belangrik genoeg is, sal jy wag en nie ophou probeer om die situasie om te keer nie.

Onthou dat ons almal ewe broos is en ons ego's maar klein is. Onthou dat dit baie makliker is om 'n kind af te breek as op te bou. Wees op jou tone en wees ingestel op jou kinders se psiges, nie net op hulle ooglopende gedragspatrone nie. Kyk dieper!

Geduld, empatie en opregte belangstelling is die wagwoord. Dit vra baie van elk van ons om voortdurend so ingestel te wees, maar die vrugte wat jy pluk, maak dit altyd die moeite werd. Dinge soos die, het ewigheidswaarde.

Erika

AKADEMIE

EKSAMENROOSTER 2015 - KWARTAAL 4

DAG	DAT.	GR. 4	GR. 5	GR. 6	GR. 7
Ma.	16/11				EBW
Di.	17/11	Eng.	Eng.	LV	LO
Wo.	18/11				
Do.	19/11	Afr.	Afr.	Afr.	Eng.
Vr.	20/11				Wisk.
Ma.	23/11	SW	SW	SW	Afr.
Di.	24/11				SK
Wo.	25/11	NW	NW	NW	Tegn.
Do.	26/11				
Vr.	27/11	Wisk.	Wisk.	Wisk.	NW
Ma.	30/11	LV	LV	Eng.	SW

Eksamenreëlings, asook afbakenings, is reeds aan leerders uitgedeel. Ouers kan hierdie inligting op die School Communicator kry.

KULTUUR

Seniorkoor

Oudisies vir 2016 vind plaas tydens tweede pouses van 19-23 Oktober. Gr. 3 tot gr.6 is welkom vir oudisies. Juniorkoor gr. 3- lede moet ook oudisie aflê vir die Seniorkoor 2016. Luister mooi vir jou graad se afkondiging. As jy dit dalk gemis het, kom gee gerus jou naam vir juf. Chrisné.

Belangrike datums

28 Oktober – Dankdiens
11 November – Koorafsluiting

Juniorkoor

Belangrike datums

28 Okt - Dankdiens

DANKDIENS

Ons versamel leë 2 liter koeldrankbottels om te gebruik vir die Dankdiens wat 28 Oktober 2015 plaasvind. Bring asb. so gou moontlik alle bottels na juf. Melissa se Persklas. Ons vra dat die bottels asb. skoon skool toe gestuur word. Baie dankie!

NEA

Alle uitslae, dus oorspronklike sertifikate en repliekvorms, moet binne 7 dae na optrede ingehandig word by juf. Karen Nel, K12 (gr.R tot gr.3) en juf. Karen Brits, K48 (gr.4 tot gr.7). Uitslae sal dan in die saal afgelees word en die sertifikate sal later aan leerders terugbesorg word. Gr. 4 – gr.7 se rekords sal dienooreenkomstig aangepas word. Indien uitslae laat ingehandig word, verbeur die leerder die geleentheid in die saal, maar rekord sal nog steeds gehou word in die geval van gr. 4- tot gr.7- leerders.

Uitslae vir die volgende rondtes sal voortaan op die School Communicator aangebring word, aangesien NEA-deelname 'n groot aantal sertifikate tot gevolg het.

"National Eisteddfod Academy Young Performer Awards":

2	Melissa du Plessis	Afrikaans verhalende poësie	Goud
2	Natanya Swart	Afrikaans verhalende poësie	Juniordiploma
		English narrative poetry	Juniordiploma
3	Gabriël vd Westhuizen	Kontemporêre orkes (rock)	Juniordiploma
4	Natalie Dixon	Afrikaans Poësie-ensemble	Diploma
		English narrative prose	Diploma
4	Jessica Goosen	Afrikaans redenaars: Oorredingstoespraak	Diploma
4	Shané Mengel	Afrikaans verhalende poësie	Goud
5	Adam Botha	Afrikaans redenaars: Oorredingstoespraak	Diploma
		Afrikaans voorbereide lees	Diploma
		Afrikaans verhalende poësie	Diploma
	Adam Botha Zoë le Grange Dené Potgieter	Afrikaans voorbereide groepstorievertelling	Diploma
5	Colleen du Plessis	Sangsolo (popmusiek)	Diploma
5	Margaux le Roux	Afrikaans komiese monoloog	Diploma
		Afrikaans poësie-ensemble	Diploma
5	Maria Prinsloo	Danssolo	Goud
		Sangsolo	Diploma
5	Juan Schoeman	English comic monologue	Diploma
		English dramatic monologue	Diploma
		English narrative poetry	Diploma
		Afrikaans verhalende prosa	Diploma
		Afrikaans verhalende poësie	Diploma
		Afrikaans liriese poësie	Diploma
		Afrikaans komiese monoloog	Diploma
		Voorbereide mimiek	Diploma
5	Simone v Belkum	Sangsolo (Broadway)	Goud
6	Neil Botha	English narrative poetry	Diploma
		English comic monologue	Goud
		Afrikaans verhalende poësie	Diploma
		Afrikaans redenaars: Oorredingstoespraak	Goud
6	Sancia Engelbrecht	Afrikaans Bybelprosa	Diploma
		Afrikaans verhalende prosa	Diploma
6	Kyla Saayman	Sangsolo (popmusiek)	Goud
		English dramatic monologue	Diploma
		English narrative poetry	Diploma
6	Lize-Li Smit	Afrikaans komiese monoloog	Diploma
		Afrikaans redenaars: Oorredingstoespraak	Diploma
		Afrikaans voorbereide lees	Diploma
		English narrative poetry	Diploma
		Voorbereide mimiek	Diploma
6	Michelle Steenekamp	Afrikaans onvoorbereide lees	Goud
		Afrikaans voorbereide lees	Diploma
6	Daniele vd Merwe	Danssolo	Goud
		Kontemporêre/liriese solo	Diploma
		Kontemporêre/liriese solo	Diploma
6	Nadia van Niekerk	Sangsolo	Goud
7	Anja Steyn	English scene (duologue)	Goud
7	Zoë van Blerk	Klaviersolo (popmusiek)	Goud

RADIKALE REDENAARS

Baie geluk aan die sprekers wat deurdring na die nasionale rondte van die Radikale Redenaarskompetisie wat op 30 en 31 Oktober plaasvind.

NASIONALE EINDRONDTE

Graad 5

Marné de Wet	Eksperimenteel	Nasionale finaal

Graad 6

Michél Croucamp	English Home Language	Nasionale finaal
Michelle Steenekamp	Vermaaklikheid	Nasionale finaal

Graad 7

Pieter le Roux	Afrikaans moedertaal	Nasionale finaal

Besoek asb. die webtuiste van die Radikale Redenaars (www.radikaleredenaar.co.za) vir die finale program.

SATCH

Onthou asb. om julle name en uitslae vir juf. Lillian te gee.

Erika Joubert

SPORT

MINI-KRIEKET (Gr. 1- en gr. 2-leerders)

Oefentye

Maandae: 13:30 – 14:30

Dinsdae: 13:00 – 14:30

Onthou om sonblok aan te smeer en bring 'n kolf, tennisbal en koue water saam.

Sien julle voor die krieketnette!

Juf. Estelle

Voorlopige krieketbepalings

Neem asb. kennis dat onderstaande kan verander weens omstandighede buite ons beheer en briewe met korrekte inligting sal per hand aan spelers gegee word.

1ste span	26 Oktober	Semi-finaal	
	2 November	Finaal	
2de span	26 Oktober	Semi-finaal	
	2 November	Finaal	
o/11A	22 Oktober	Dalmondeor	(tuis)
	29 Oktober	Semi-finaal	
	5 November	Finaal	
o/10A	28 Oktober	Semi-finaal	
	4 November	Finaal	
o/9A	27 Oktober	Semi-finaal	

TENNIS

Seniorseuns;

Snr Seuns B-span wen 46-35 teen Louw Geldenhuys

Seniortennis: Wedstrydbepalings

Neem asb. kennis dat daar datums gaan wees wat verander.

Seniordogters A

Woensdag	28 Okt.	Curro Aurora	(tuis)

Seniordogters B

Woensdag	28 Okt.	Bryanston	(tuis)

Seniorseuns A

Donderdag	22 Okt.	Curro Aurora	(weg)
	29 Okt.	Crawford Sandton	(tuis)

Seniorseuns B

Donderdag	22 Okt.	Crawford Lonehill (A)	(tuis)
	29 Okt.	Trinity	(weg)

JUNIORTENNIS – RONDOMTALIE VIR 2015

Juniordogters speel Vrydag 23 Oktober vanaf 13:30 tot ongeveer 17:30. Hulle moet asb. reeds om 13:15 by die tennisbane wees.

Juniorseuns speel Saterdag 24 Oktober vanaf 7:15 tot ongeveer 15:00. Hulle moet asb. reeds om 7:00 by die tennisbane wees.

Die leerders mag in gewone klere speel en hulle moet asb. die volgende saambring: 3 nuwe tennisballe (green dot), n hoed, sonskerm en baie water.

Formaat van spel: Dit is 'n rondomtalie. Elke leerder gaan teen elke ander leerder speel. Elke wedstryd sal 3 potte wees bv. 3 – 0 of 2 – 1. Wanneer die telling gelykop is (40-40) speel hulle "sudden death". Ons hou die wedstryde so kort moontlik agv die tydsbeperking. Aan die einde van die dag word al die spelers se potte bymekaargetel. Die top 10 spelers sal dan volgende jaar vir posisies uitspeel.

Die kanse is goed dat die leerders nie almal teen mekaar sal kan speel nie. Indien dit wel die geval is, sal 'n verdere datum later aan u gegee word wanneer ons die wedstryde gaan voltooi.

Geen ouer mag inmeng met tellings of kommentaar langs die baan lewer nie. Ouers moet verkieslik een baan verder sit. U is welkom om hande te klap, maar geen kommunikasie word met die leerder gedurende die spel toegelaat nie.

Tennisafrigting: gr. 1- en gr. 2-leerders

Indien daar enige belangstelling is, kontak asb. vir Philip Lawson (082 079-8531).

Oefentye

Dinsdae:	13:40 - 15:40
Donderdae:	14:10 - 15:10 (wedstryde word ook op Donderdae gespeel)

SWEM

Fairland eindig algeheel 2de uit 7 skole by die IR Griffith swemgala.

Die volgende swemgala vind Vrydag, 23 Oktober by Montrose Primary plaas.

LANDLOOP

Die landloop word vervang deur middelafstande.

Oefentye

Maandae:	15:45 – 17:00
Dinsdae:	15:45 – 17:00
Woensdae:	15:45 – 17:00
Donderdag:	14:00 – 15:00

Onthou om jou waterbottel saam te bring!

Atletiek

Oefentye gedurende die 4de kwartaal is soos volg:

	14:10-14:40	14:40-15:10	15:10 – 16:10	15:45 – 17:00
Maandag	Naellope o/11 - o/12 Velditems	Naellope o/9 - o/10 Velditems	Hekkies	Middelafstande
	o/9 - o/10	o/11 - o/12		
	13:50-14:20	**14:20-14:50**	**14:50 – 15:50**	**15:45 – 17:00**
Dinsdag	Naellope o/9 - o/12	Naellope o/9 - o/12	Hekkies	Middelafstande
Woensdag	Velditems o/9 - o/10	Velditems o/11 - o/12	Hekkies	Middelafstande
				14:00 – 15:00
Donderdag	Geen	Geen	Geen	Middelafstande

Rugbyvaardighede – 4de Kwartaal (vir leerders wat nie krieket speel nie)

Maandag : 14:00 tot 15:00

Dinsdag: 13:40 tot 14:40

Woensdag: 13:40 tot 14:40

Johan Kamper

INLIGTINGSENTRUM

WêRELDDAG VIR WISKUNDE: 14 OKTOBER

Al die leerders vanaf gr. 1 tot gr. 7 was geregistreer om aan die wiskunde-pret deel te neem. Gebruikersname en wagwoorde is aan al die leerders uitgedeel. Baie dankie aan al die leerders wat saamgespeel het. Ons glo dit was opwindend om jou man te staan teen ander leerders dwarsoor die wêreld. Volgende jaar neem ons weer as skool deel. Statistieke rondom die dag is nog nie beskikbaar nie. Sodra ons dit ontvang, sal ons julle hieroor inlig.

WOW-SPELFEES: NASIONALE RONDTE 17 OKTOBER

Vanjaar het al 9 provinsies deelgeneem en daar was 523 skole betrokke by dié uitdunne! Voorwaar 'n kompetisie wat jaarliks groei in getalle! Baie geluk aan al ons WOW-deelnemers wat Laerskool Fairland te Stellenbosch verteenwoordig het in die nasionale rondte. Almal het hulle puik van hul taak gekwyt en vanaf 4de tot 9de plekke behaal uit 25 deelnemers. Daar was meestal tussen 25 en 30 uitdunrondtes en jy moes koelkop en kalm bly.

Dirk van der Berg, gr. 2, het derde geëindig en verwerf 'n bronsmedalje.

Schalk Viljoen, gr. 6, het eerste geëindig en is dus die beste WOW-speller in gr. 6 in Suid-Afrika! Hy het 'n goue medalje, trofee en wonderlike pryse gewen.

Hy het als reggespel in die 41 rondtes waaraan hy deelgeneem het!

Ons is baie trots op julle! Welgespel!

Leanie Taljaard

ALGEMEEN

VERE-KAS

Tye

	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
Oggend	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40
Middag	13:30-14:00	13:00-13:30	13:00-13:30	13:30-14:00	Gesluit

Lillian Ankersmit

082 324-5034

DANKDIENS – 28 OKTOBER 2015

Ons wil graag weer die jaar afsluit met 'n projek wat waarde sal toevoeg tot elkeen van ons gesinne. Ons nooi u elkeen, elke ouer, elke oupa en oupa, elke kosbare leerder, boeties, sussies en maats na 'n onvergeetlike buitelug Dankdiens op ons pawiljoen en rugbyveld. Ons Fairlanders gaan almal met kerse in die hand, saam met Joshua na die Reën en ons junior- en seniorkore lof bring aan God en heerlik saamsing om dankie te sê vir soveel seëninge hierdie jaar.

DAGBOEK ASSEBLIEF!

DANKDIENS

DATUM: Woensdag 28 Oktober

TYD: 18:30 tot 20:00

KOSTE: Gratis

Ons sien uit daarna om die jaar saam met elkeen van julle wat deel is van ons skool se hartklop, op hierdie hoogtepunt af te sluit.

Indien daar enige bereidwillige hande is wat sal help met die voorbereiding vir die aand, kontak asb. vir Melani Dirks (082 meld@telkomsa.net)

"Kom sing 'n lied om vir die Here dankie te sê…"
Psalm 147:7

Toediening van medikasie Gr. 1 tot Gr. 3

Indien 'n leerder ongesteld is en medikasie by die skool moet drink, moet u asb. die medikasie met duidelike voorskrif van die toediening aan die klasonderwyseres stuur.

10 Steps before Ritalin

'n Aantal van ons personeel het verlede kwartaal 'n baie insiggewende praatjie van dr. Hein Badenhorst bygewoon. Sy onderwerp was,"10 Steps before Ritalin". Ons deel graag hierdie 10 stappe met u oor die volgende 10 weke:

Stap 9: Metilering (Methylation)

Homosisteïne vlakke – dit is die liggaam se manier om 'n chemiese balans te handhaaf.

- Hoë homosisteïen vlakke kan kinders teneergedruk laat voel en ook swak konsentrasie, swak geheue en angstigheid veroorsaak.
- Daar is ook 'n sterk genetiese komponent, veral in Suid-Afrika.

Hou die Vinkie dop vir die volgende stap.

LEIERKAMP

Maandag 12 Oktober het al die gr. 6-leerders by die hoofhek bymekaar gekom en baie opgewonde met die busse vertrek. Ons het 10:00 by Konka gearriveer en met lekker aktiwiteite begin.

Daardie aand toe ons by ons kamers aangekom het, was ons doodmoeg van al die prettige aktwiteite, maar tog wou die seuns nie tot ruste kom nie. Hulle moes toe saam met mnr. Dean om die veld gaan hardloop het!

Die volgende dag het daar 'n taak veel meer uitdagend voorgelê: die hindernisbaan! Ons het vinnig geleer dat die geheim van die hindernisbaan spanwerk is en dat ons sterker saam is.

Na die hindernisbaan was ons almal vol modder en kon nie wag om te gaan stort nie. Ons was doodmoeg toe ons by ons kamers aangekom het en het sommer vinnig aan die slaap geraak.

Na die volgende oggend se heerlike ontbyt, het ons gaan swem en boogskiet. Toe ons daar klaargemaak het, moes ons ongelukkig weer vertrek, maar ons was almal bly om weer terug by die huis te wees.

Namens al die gr. 6-leerders, wil ons net baie dankie sê vir die onderwysers wat saam met ons gegaan het en al die mense by Konka. Dit was 'n prettige tyd wat ons vir altyd sal onthou.

Gerhard de Kock en Lydia de Bruyn

STERRE VAN DIE WEEK:

Gr. 1/18: Mateo van Jaarsveld
Gr. 1/22: Ewald Engelbrecht
Gr. 1/24: Leila Molenaar
Gr. 1/25: Jaco Martin Müler
Gr. 1/26: J.C. du Plessis
Gr. 1/27: Ian Botes
Gr. 2/14: Cameron McColl
Gr. 2/15: Lenandi Swanepoel
Gr. 2/16: Morné Gordon
Gr. 2/17: Kayla Beukes
Gr. 2/21: Anja Botha
Gr. 2/23: Bianca J. v. Rensburg
Gr. 3/12: Megan Doman
Gr. 3/13: Stephen du Preez
Gr. 2/28: Leandri Swart
Gr. 2/29: Emma V. D. Waal
Gr. 3/45: Kiara Raftopoulos
Gr. 3/46: Nathan Pieterse

GOEIE GEDRAG- KNOPIES

Gr. 1/18: Luan Moolman
Gr. 2/16: Christiaan Botha
Gr. 3/28: Kyle Visagie
Gr. 4/49: Ezaan Husselman
Gr. 4/52: Dorian Groenewald
Gr. 6/34: Keanu le Roux
Gr. 2/16: Joshia Stroh
Gr. 4/49: Isabella du Toit
Gr. 4/49: Chrizelle du Plessis
Gr. 4/49: Euané Theart
Gr. 4/52: Katya Strydom

SPORT- EN KULTUURPRYSUITDELING 2015

Alle sport- en kultuurtrofeë moet asseblief teruggebring word voor/op 23 Oktober. Maak asseblief seker dat die gravering ook op datum is. Gravering is as volg: 2014 gevolg deur Naam en Van van die leerder.

SPORT BUITE SKOOLVERBAND

SWEM

Fairland eindig algeheel 2de uit 7 skole by die IR Griffith swemgala.

Die volgende swemgala vind Vrydag, 23 Oktober by Montrose Primary plaas.

CMATHS

Baie geluk aan die volgende leerders wat uitstekend gevaar het gedurende die CMATHS streekskampioenskap:

Cara Labuschagen	-	Bronsmedalje
Cara Naude	-	Bronsmedalje
William Eddie	-	Bronsmedalje
Barend Rabie	-	Bronsmedalje
Mila van der Merwe	-	Bronsmedalje
Zelda Vermeulen	-	Silwermedalje
Annika Swanepoel	-	Silwermedalje
Joof Enslin	-	Goue medalje
Anneke Alberts	-	Goue medalje
Zandre Barkhuizen	-	Champion Trofee
Jaco Martin Muller	-	Champion of Champions Trofee

GIMNASTIEK

Chanté Smit (gr. 4) het vir SA's gekwalifiseer en het op 10 Oktober aan die SA Gym Games deelgeneem. Sy het 'n algehele punt van 35.4 behaal wat haar 22ste in Suid-Afrika plaas. Daar was 97 gimnaste wat landwyd deelgeneem het. Baie geluk met 'n pragtige prestasie Chanté!

RUGBY

Eric Beyl (gr. 2) is aangewys as die o/8- span se "Tackler of the Year"! Hy het die toekenning ontvang by die Pirates rugbyklub na afloop van hul rugbyseisoen vanjaar. Baie geluk Eric!

JUDO

Jana Beyers (gr. 4) het aan die SA Skole judokampioenskap op 4 en 5 Oktober deelgeneem in die o/10- en o/40kg-kategorie. Sy het 'n bronsmedalje vir derde plek verower.

Johann Beyers (gr. 6) het ook aan die SA Skole judokampioenskap deelgeneem in die o/12- en o/42 kg- kategorie. Hy het 'n silwermedalje vir sy tweede plek verower.

KULTUUR BUITE SKOOLVERBAND

Nina Theron (gr. 1) het by Hoërskool Florida se Musieksentrum die volgende prestasies behaal:

2 Florida kunswedstrydtrofeë vir haar klavierduo en haar klaviersolo (popular) asook die Adolph Hallis-wisseltrofee. Sy is aangewys as die laerskool beginner wat die beste vordering getoon het. Sy is een van die Top 20-musiekstudente. Baie geluk Nina!

FLAMENCO-DANS

Michél Croucamp het ingestem om verlede Maandag in die saal vir die hele skool te wys hoe 'n flamenco-dans lyk.

Sy het by die afgelope Roodepoortse Dansfees haar afdeling gewen en is ook by SATCH aangewys as "The Most Promising Performer". Baie geluk, Michél!

ADVERTENSIES

RESONANZE PROJECT MUSIEKSKOOL : BERARIO-ONTSPANNINGSENTRUM

DIS LENTE - KOM VUL DIE ATMOSFEER MET MUSIEK!

Resonanze Project Musiekskool bied lesse in klavier, sang, viool, kitaar, dromme en musiekprogrammering aan vir jonk en oud!

Skakel Anthea, 081 351 7491, info@musicteach.co.za.

WISKUNDE-KLASSE

In Berario: Kontak Heidi 0823787978

EKSTRAKLASSE: WISKUNDE EN ENGELS

Ekstraklasse asook eksamen- en toetsvoorbereiding. Geleë naby Laerskool Fairland. Gekwalifiseerde onderwyseres (gee ook klas by Laerskool Fairland). Klein groepe. Kontak Lindsay vir meer inligting 072 420-2955.

STUDENT SOEK VAKANSIEWERK

Neoleen van Staden, derdejaar student, soek vakansiewerk vanaf 19 Oktober. Kontak asb. vir Yolin van Staden 082 923-7963.

OP SOEK NA ONTVANGSDAME

Ek soek 'n ontvangsdame vir 16 uur per week. Sy moet Afr/Eng kan lees, skryf en praat. Goeie rekenaarvaardighede, insluitende Powerpoint, is noodsaaklik. Eie vervoer is noodsaaklik . Eerlikheid en betroubaarheid is nie onderhandelbaar nie. 'n Goeie gesonde voorkoms en stem noodsaaklik. Skakel Dr. Cecile 0834613993 en stuur cv na info@drcecile.co.za.

Die belangrikste punte word uitgebeeld in die foto.

Die feesseisoen is voor die deur, is jou sekuriteit in 'n werkende toestand?

EN ONTHOU, JOU ALARMSYSTEEM MOET TEN ALLE TYE GEBRUIK WORD.

Beagle Watch Armed Response
Unison House, 190 Smit Street, Fairland
Tel - (+27) 11 678 1972
Email - info@beaglewatch.co.za
Web - www.beaglewatch.co.za

facebook.com/BeagleWatch
twitter.com/beaglewatch

BEAGLE WATCH
ARMED RESPONSE

expressing
HOPE
benefit concert
THE BOYS are back 2
23 OCTOBER 2015
19:30 @ MOSAÏEK TEATRO danielle street, fairland
(off davidson street, 14th avenue)
ALEXANDER VENTER • MATHYS ROETS • JAKKIE LOUW • DEWALD WASSERFALL • KEVIN LEO
and Tim Theron as MC
TICKETS AVAILABLE (R110 - R230) FROM
Computicket
The Ticket you can trust
Estelle Mengel
estellem@mosaiek.com
011 268 4779
lawprint
perfection in print